**MOTIVERING VIR DIE TOEKENNINNG VAN DIE GRAAD DOKTOR IN DIE WYSBEGEERTE (DPhil), *HONORIS CAUSA*, AAN DESMOND MPILO TUTU**

---

Desmond Tutu is in 1931 in Klerksdorp gebore. Sy vader was 'n onderwyser; sy moeder het min formele onderwys gehad. Op twaalfjarige ouderdom het hy Vader Trevor Huddleston, 'n Anglikaanse predikant van Sophiatown, uitgesproke kritikus van die apartheidsbeleid en 'n man wat 'n groot invloed op sy lewe sou uitoefen, ontmoet.

Nadat hy matriek aan die Johannesburg Bantoe Hoërskool behaal het, het hy 'n onderwysdiploma aan die Pretoria Bantoe Normaalkollege en 'n BA-graad aan die Universiteit van Suid-Afrika behaal. Daarna het hy onderwys gegee, eers by die Johannesburg Bantoe Hoërskool en daarna by die Munsieville Hoërskool in Krugersdorp. Hier is hy getroud met sy vrou, Leah. Die egpaar is geseën met drie dogters, een seun en verskeie kleinkinders.

Nadat Bantoe-onderwys in 1958 ingestel is, het Desmond Tutu besluit om 'n predikant van die Kerk van die Provinsie van Suidelike Afrika te word, en het aan die Teologiese Kollege van St Peter in Rosettenville gaan studeer. In 1960 behaal hy sy lisensiaat in teologie en gedurende die volgende jaar word hy in Johannesburg as predikant georden. Daarna het 'n studietydperk aan die Universiteit van Londen gevolg, waar hy honneurs- en meestersgrade in teologie behaal het, terwyl hy ook 'n deeltydse pos as hulppredikant van 'n gemeente beklee het. Terug in Suid-Afrika in 1967 was hy personeellid van die Federal Theological Seminary in Alice en daarna die kapelaan van die Universiteit van Fort Hare. In 1970 het hy 'n dosent in die Departement Teologie aan die Universiteit van Botswana, Lesotho en Swaziland geword, maar twee jaar later het hy weer na Engeland verhuis waar hy die adjunkdirekteur van die Teologiese Opvoedkundige Fonds van die Wêreldraad van Kerke was.

In 1975 het Tutu die deken van die St Mary Katedraal in Johannesburg geword, en kort daarna die biskop van Lesotho. Maar toe het die veelbewoë tyd ná die Soweto-opstande in 1976 aangebreek, en biskop Tutu is oorreed om die pos van algemene sekretaris van die Suid-Afrikaaanse Raad van Kerke (SARK) te aanvaar. Dit was dan ook as algemene sekretaris dat hy in die tydperk 1978 tot 1985 nasionale en internasionale bekendheid verwerf het.

Die SARK het al die grootste kerke in Suid-Afrika buiten die Nederduits Gereformeerde Kerk en die Rooms-Katolieke Kerk (wat egter wel 'n geakkrediteerde waarnemer in die SARK was) verteenwoordig en was verbind tot die saak van ekumenisme en die nakom van die sosiale verantwoordelikheid van die kerk. Geregtigheid en versoening was belangrike prioriteite vir die SARK, en as sekretaris het biskop Tutu hierdie twee doelstellings met beslistheid en toewyding nagejaag. Hy het die SARK ontwikkel tot 'n belangrike stem in die Suid-Afrikaanse kerklike en politieke lewe, wat die ideale en aspirasies van miljoene Suid-Afrikaaanse Christene verwoord het. Onder sy leiding het die SARK effektiewe maniere om hulp aan slagoffers van apartheid te verleen, ontwikkel. Uit die aard van die saak het biskop Tutu 'n omstrede figuur geword namate hy hom teen die ongeregtigheid van die apartheidsbestel uitgespreek het. Hy is vir etlike jare 'n paspoort geweier, maar die regering het uiteindelik in 1982 een aan hom uitgereik weens druk van nasionale en internasionale kant. Sy naam het sinoniem met die SARK geword en hy het 'n leiersfiguur in die stryd om geregtigheid en versoening tussen rasse in Suid-Afrika geword. Sy bydrae tot die saak van geregtigheid in Suid-Afrika is dan ook in 1984 erken toe hy die Nobel Vredesprys ontvang het.

In 1985 is hy verkies as biskop van Johannesburg, en as sodanig het hy veel gedoen om die kloof tussen swart en wit Anglikane in Suid-Afrika te oorbrug. Net die volgende jaar is hy verkies tot aartsbiskop van Kaapstad. Hierdeur het hy die geestelike leier van die Anglikaanse Kerk in Suid-Afrika geword, en hiermee het die kerk sy soeke na geregtigheid vir alle rasse in Suid-Afrika onderskryf. Hy is in 1987 verkies as president van die All Africa Conference of Churches, asook as genoot van King's College in Londen en kanselier van die Universiteit van die Wes-Kaap.

Voordat die ANC en ander politieke organisasies in 1990 ontban is, het baie kritici van die biskop gemeen dat hy tot die politiek sou toetree, al het hy dit deurentyd ontken en sy kritici inderdaad verkeerd bewys. Hy het egter 'n belangrike bemiddelings- en versoeningsrol in die oorgang tot demokrasie in Suid-Afrika gespeel.

President Nelson Mandela het aartsbiskop Tutu in 1995 aangestel as voorsitter van die Waarheid- en Versoeningskommissie, 'n liggaam wat die menseregteskendings tussen 1960 en 1994 moes ondersoek. Hierdie kommissie het in Oktober 1998 sy verslag gelewer. In Junie van dieselfde jaar het hy ook as aartsbiskop uitgetree, en het hy

emeritus aartsbiskop geword. Daarna het hy vir 'n tydperk van twee jaar in die VSA gaan woon, toe hy van Oktober 1998 tot Julie 2000 die William R Cannon Professor in Teologie aan die Candler Teologiese Skool van die Emory Universiteit in Atlanta, Georgia was.

Aartsbiskop Tutu het eredoktorsgrade van meer as tagtig universiteite ontvang, onder andere van Harvard, Oxford, Cambridge, Columbia, Emory, Ruhr, Kent, Aberdeen, Sydney, Fribourg in Switserland, Kaapstad, Witwatersrand en die Universiteit van Suid-Afrika. Naas die Nobel Vredesprys het hy baie toekennings ontvang, soos die toekenning van die Orde van Voortreflike Diens (Goud) deur President Nelson Mandela, die toekenning van die Aartsbiskop van Kantelberg vir Uitsonderlike Diens aan die Anglikaanse Gemeenskap, die Prix d'Athene van die Onassis Stigting, die Family of Man Gold Medal Award, die Martin Luther King Jr Non-Violent Peace Prize en die Vredesprys van Sydney.

Voor 1990 het biskop Tutu se kragtige voorspraak van sosiale geregtigheid hom 'n omstrede persoon gemaak. Vandag word hy beskou as 'n senior staatsman met 'n gesaghebbende morele stem, en iemand wat 'n belangrike rol in die versoeningsproses speel.

Sy jongste boek, *No Future without Forgiveness*, is vereer as Boek van die Jaar deur die Assosiasie van Teologiese Boekhandelaars in die VSA.